



Kopiereg: Ronél Maré Dunn, 2019

Uitgewer: Ns. Skrywershuis

www.nskrywershuis.co.za

Geset in Calibri (Body) 12

Eerste publikasie: 2019

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die skrywer en uitgewer gereproduseer of in enige vorm, elektronies of meganies, weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stel van inligtingsbewaring.

Bladuitleg: Ns. Kreatiewe Ontwerp

Voorblad: Ninon Knoesen

Redigering en proeflees: PENdit.za

'n Storm is verby

'n Novelle

Ronél Maré Dunn

‘N STORM IS VERBY

Lorette voel die pyn en verlies. Seerder as wat doodgaan kan bring. Sy staar deur die swart ruit; haar arms om haar lyf gevou asof sy haarself wil beskerm teen die herinneringe. Dit is koud ook, maar sy klim nie terug in die bed nie. Markus is daar en haar verlede-gedagtes kan nie gedink word waar hy gesellig snork nie.

Sy haak haar kamerjas agter die deur af en hang dit om haar lyf. Die huis sug in sy slaap. In die kombuis maak sy ‘n koppie tee by die lig wat deur die groot venster val en drink dit by die eettoonbank. ‘n Ligte wind waai deur die struik in die agtertuin. Die suidoos moes woes gewaai het gedurende die paar dae dat hulle op Perdekop was. Die plante lyk kroes, al na die eenkant toe gedruk. Gister, met die begrafnis, het die wind daar ook gewaai.

Sy loop terug na Perdekop. Die lekkerste plek in die hele wêreld om te wees. Die familieplaas by die see waar almal, geslag na geslag, Desember vakansies deurbring. Die plaasgrens eindig op ‘n hoë krans wat uitkyk op die see tot waar dit rond lê teen die lug. Kyk jy van die strand af op na die krans, sien ‘n mens die plaasnaam se herkoms. Die krans vorm onmiskenbaar die fiere kop van ‘n trotse perd met gesperde neusvleuels, gespitse ore en maanhare wat waaistaan. In werklikheid is daardie maanhare vlymskerp rotse wat nie kaalvoet geklim kan word nie. Die groot aanlaphuis is op dié ver grens gebou en die perdekopkrans beskut die huis teen die seewind wat die storms land toe bring.

Die laaste bietjie lou tee gooi sy in die wasbak uit. Terwyl sy die koppie onnodig was en afdroog, dink sy aan die skok wat oom Petrus se dood op almal het. Nie soseer sy afsterwe nie, maar die bekentenis uit sy jong lewe wat hy die dag voor sy dood gemaak het. Wat sou Peet nou doen, rustig slaap? Sy glo nie.

Tob en onthou het haar al suf gemaak, maar die vaak ontwyk haar. By elk van die tweeling loer sy in. Soos baie ander aande haal sy die oorfone uit Mark se ore. Dis asof daar net nie genoeg ure in die dag is om na alles te luister wat hy wil hoor nie. As haar hand saggies oor sy kuif vee, druk 'n intense verlange na haar eie tweelingbroer teen haar ribbes en wens sy Amerika is 'n naburige dorp.

In Mariëtte se kamer tel sy eers die groot beer op. Die voskat maak sy blink oë oop en gee 'n klein prrr-miaau terwyl hy sy pote strek. Haar dogter roer en gooi 'n arm uit. My mooie meisiekind, dink sy en trek die duvet oor die fyn skouer.

'n Lorette van dieselfde kwesbare ouderdom en 'n lank-verby somervakansie betrek haar gedagtes.

Vir almal was dit so: die vakansie begin al by die stilhou en Ouma en Oupa wat hulle op die stoep inwag. Soms het van die familie saam gewag en daar was altyd genoeg hande om met die afdra te help. Almal het geweet hoe gouer alles op hul plek kom, hoe gouer is elkeen sy eie baas en maak die koers wat jy inslaan, nie saak nie.

Hierdie jaar is geen uitsondering nie. Ouma omvou hulle met wye arms en die welkom kom sit sommer so sag op Lorette. Tante Sofie en oom Petrus staan ook nader. Agter hulle het Peet sy boek

neergesit, maar staan nie op van die divan met die blombont oortreksel nie. Hy wag dat die grootmense klaar groet. Hy is bly Lorette-hulle het gekom, want hy was al verveeld met die ouer mense se geselskap en nou hoef hy nie meer soos die afgelope twee dae alleen te gaan swem nie.